

Hoofstuk van die dag: Johannes 3

> *Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee. (vers 35)*

Joh 3 is seker een van die bekendste hoofstukke in die Bybel. Ons lees in vers 16 hoe lief God die wêreld gehad het. Hy het

sy Seun gegee vir ons redding. Jesus is God se instrument om jou en my uit ons verlorenheid te red en God se kinders te maak.
Baie mense steek daar vas – by Jesus as die gekruisigde, die Een wat die sonde van die wêreld wegneem. Dit word vir baie amper ’n gemeenplaas, en hulle meen “Liewe Jesus” is hulle beste pêl. Johannes vertel egter vir ons iets anders. Eergister het ons gelees dat Jesus die Lam is (1:29). ’n Gawe kêrel, klink dit. Moenie glo nie. Hy besit alle mag in hemel en op aarde. Die Vader het alles in sy hand gegee (vers 35; vgl Matt 28:18). Jy sien iets daarvan as jy Op 1:12-16 lees. Allermins ’n Liewe Jesus!
Lees gerus Kol 1:15-20 saam met Op 1:12-16 en bedink dit biddend en aanbiddend. Buig voor Hom, want Hy is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon.

Hoofstuk van die dag: Johannes 2

> *Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen negentig en honderd liter gehou. (vers 6)*

Hierdie gedeelte gaan natuurlik nie nét oor die huwelik nie; dit gaan oor die lewe self. Die Seun van God het mens geword sodat Hy verlossend deel van ons lewe in al sy volheid kan wees. As die Here Jesus in jou lewe teenwoordig is, is daar geen krisis waarmee Hy jou nie kan help nie. Hy het tog self gesê (Joh 10:10) dat Hy gekom het sodat ons die lewe kan hê, en dit in oorvloed. Want waar God werk, werk Hy op groot maat. Op die bruilof in Kana gee Hy meer as 500 liter van die beste wyn!
Jy sal ook hierdie soort milddadigheid uit God se hand ervaar. Dit beteken nie dat elke dag ewe opwindend is nie. Maar Joh 2 sê dat God ’n belang het in die detail van ons lewe. Dis nie vir Hom om ’t ewe of ons slaag of nie. As jy die oog op Hom hou, kan jy gerus wees: Hy sal daar wees as die wyn opraak en jy nie weet watter kant toe nie.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Johannes 1

Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (vers 29)

’n Lam. Swak, weerloos, nederig, onintimiderend. Al is, volgens sy eie getuienis later (Matt 28:18), aan Jesus alle mag gegee in hemel en op aarde. Al is Hy die Leeu uit die stam van Juda (Op 5:5). Dit is Hy ook. Maar die eerste woord wat oor Hom gesê word as Hy sy bediening begin, is dat Hy die Lam van God is. Die Een wat God gestuur het om geslag te word, geoffer te word, sodat die wêreld van sonde verlos kan word. Want só verlos God. Nie deur magsvertoon nie, maar deur ons sonde op Hom te neem en daarvoor te ly en te sterwe.
Partykeer is dít vir my die swaarste: dat ons God só is; ’n lam, eerder as ’n leeu, wanneer Hy in die wêreld optree.
Die feit dat Jesus die Lam van God is, het implikasies. Nie net vir wat ons van Hóm kan verwag nie, maar ook vir hoe óns as sy navolgers moet leef. Want as ons sy volgelinge wil wees, sal ons Hom ook hierin moet navolg: nie leeus nie, maar lammers.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Johannes 21

> *Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Simon Petrus: "Simon seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier?" (vers 15)*

Ek dink ons moet dit goed raaksien: die dissipels het nie vanself verander van die verwarde, patetiese groepie mense na die vurige volgelinge wat onverskrokke vir Jesus opgestaan en geleef het nie. Goed, die Heilige Gees is op Pinksterdag uitgestort om hulle met krag van Bo te vul. Maar voor dit gebeur het, het Jesus tyd in hulle belê.
Dalk moet ons dit weer 'n keer hoor: Jy gaan nie 'n vurige volgeling van Jesus word as jy nie tyd maak dat Hy met jou besig kan wees nie; as jy nie toelaat dat Hy jou verander soos Hy daardie dissipels van Hom verander het nie. Jy gaan nie opgewasse wees vir jou roeping in die wêreld as jy nie toegerus en versterk word deur die Here en sy Gees nie.
Jesus het dit geweet. Daarom het Hy tyd gemaak om by sy dissipels te wees, sodat iets van sy heerlikheid op hulle kon afgee; sodat hulle verbintenis aan Hom versterk kon word; sodat hulle die mense kon word wat hulle moes wees.

Naskrif: Môre begin ons met die boek 1 Samuel

Hoofstuk van die dag: Johannes 20

Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan. (vers 10)

Maria Magdalena word die eerste mens aan wie Jesus ná sy opstanding verskyn, want sy, en nie Petrus en Johannes nie,

het daar by die graf gebly en Jesus as ’t ware kans gegee om haar te kom ontmoet.
Ek wonder hoeveel ontmoetings met Jesus het óns al gemis omdat ons, soos Petrus en Johannes, te saaklik in ons lewe voor die Here is. Ons is klaar met stiltetyd, lank voordat God opgedaag het. Petrus en Johannes mis vir Jesus op daardie Paasoggend omdat hulle gedink het hulle het alles gesien wat daar te sien was. Maar die eintlike Een wat hulle wou sien, móés sien, het hulle gemis! Dié voorreg was Maria Magdalena beskore, want sy was nog daar.
Dit is hoekom sy anders as Petrus en Johannes van die graf af weggegaan het. Sy het nie net die leë graf gesien nie. Sy het Jesus gesien.
Ons geloofslewe sal altyd sukkel as ons nie van tyd tot tyd sulke ontmoetings met die lewende, opgestane Here Jesus het nie. Daarvoor is tyd nodig. In ons besige wêreld is dít ’n geweldige uitdaging. ’n Afspraak met Jesus vra meer as ’n minuut stilte op ’n besige dag.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …

Hoofstuk van die dag: Johannes 19

> *Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors." (vers 28)*

Daar is liberale teoloë wat beweer dat Jesus se einde onnodig en tragies was. Maar sy dood was nie die tragiese einde van 'n mislukte held (soos in outydse tragedies) nie. Dit was 'n doelbewuste en gewillige oorgee van Homself tot in die dood. Dit sien ons in alles wat hier by die kruisiging gebeur, veral ook waar Jesus uitroep: "Ek is dors!" Hierdie woorde herinner aan sy woorde in Joh 18:11 (toe hulle Hom gevange geneem het). Toe het Jesus vir Petrus gesê: "Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader my gegee het nie?" Met drink bedoel Hy die doen van die wil van die Vader. En met die kruiswoorde: "Ek is dors!" spreek Hy sy verlange uit om die wil van die Vader enduit te doen.
Ook sy laaste woorde onderstreep hierdie feit, toe Hy uitgeroep het: "Dit is volbring!" Dit is afgehandel. Die taak is uitgevoer. God se opdrag is tot die laaste druppel toe gedoen. Sy taak is voltooi.

Dit het Hy vir jou en my gedoen, uit eie vrye wil.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026